# Voorskool

Gesels saam
VOORSKOOL

## WELKOM

Verdeel die kleuters in groepies van drie of vier. Gee vir elke groep 'n boksie Smarties of ander veelkleurige lekkers (verskillende kleure kryte of boublokkies kan ook gebruik word). Gooi die pakkie lekkers op 'n skoon vel papier uit. Verduidelik dat die lekkers nie georganiseerd is nie; dit is deurmekaar. Vra die kleuters om die kleure saam te groepeer en dan al die kleure op te noem.

Ons gesels vandag oor God wat alles gemaak het. In die begin was alles woes en leeg en deurmekaar. God het alles op die plek gesit waar dit hoort. God het ook nuwe dinge uit die deurmekaarspul gemaak.

## WONDER

Vertel die skeppingsverhaal dag vir dag. Gebruik die hulpmiddel "Die skepping" om die verhaal te vertel.

Soos die verhaal vertel word, vra een kleuter om die dag se illustrasie in die lug te hou sodat almal dit kan sien. Wanneer die verhaal klaar vertel is, wys na die illustrasies en vra vir die kleuters of hulle kan onthou wat op elke dag gebeur het.

## WEES

Gee vir elke kleuter 'n afskrif van die hulpmiddel "Rangskik die dae van die skepping". Die prentjies moet verkieslik voor die tyd uitgeknip word. Help die kleuters om elke dag se prentjie in die regte blokkie te plak. Die kleuters kan dan die prentjies inkleur.

## WEGSTUUR

Hou hierdie week 'n skattejag by die huis. Kyk elke dag of jy iets kan vind wat God op daardie dag geskep het. Sondag is dag een – jy kan kyk of jy die maan en die sterre in die donker kan sien. Onthou dan dat God lig en donker van mekaar geskei het. Maandag is dag twee, en so gaan dit aan. Kyk na jou storiekaart en vra jou huismense om jou te help.